

Pharos Woordeboeke en alle Suid-Afrikaanse tale as nasionale bate: 'n onderhoud

Naomi Meyer, Delana Fourie, Annemie Stoman

Onderhoude

2021-09-23



1

0

0

0

0

0

0



0



Annemie Stoman en Delana Fourie (foto's: verskaf)

Kort voor Erfenisdag praat Annemie Stoman, Hoof: Pharos woordeboeke, en Delana Fourie, Senior leksikograaf, met Naomi Meyer oor die nege afsonderlike gedrukte woordeboeke wat Pharos in nege van die Suid-Afrikaanse landstale publiseer.

Annemie en Delana, Pharos is bekend vir sy tweetalige Afrikaans-Engels-woordeboeke. Ek sien dat Pharos onlangs woordeboeke vir nog Suid- Afrikaanse tale begin publiseer het. Sal julle asseblief iets hiervan vertel? Watter faktore beïnvloed watter woordeboeke uitgegee word?

Pharos Woordeboeke het sedert ons ontstaan in 1996 etlike ouer woordeboeke in sommige van die Afrikatale by ander uitgewers oorgeneem. Hierdie woordeboeke is destyds deur verskeie toegewyde akademici saamgestel. Ons wou altyd graag méér tweetalige woordeboeke in al nege Afrikatale uitgee, veral in die sogenaamde kleiner tale, soos Ndebele, Venda, Swazi en Tsonga.

.....

In 2015 het ons 'n baanbrekende veeltalige woordeboek, die *South African Multilingual Dictionary*, uitgegee. Dit is die eerste woordeboek waarin interaktiewe vertalings vir *al elf amptelike tale* van Suid-Afrika in *een volume* verskaf word. Dit beteken dat gebruikers vertalings na en van enige van die elf tale kan naslaan – Engels is die alfabetiese brontaal, en wanneer die Engelse woord nageslaan word, verskyn al tien vertalings by dié inskrywing.

.....

In 2015 het ons 'n baanbrekende veeltalige woordeboek, die *South African Multilingual Dictionary*, uitgegee. Dit is die eerste woordeboek waarin interaktiewe vertalings vir *al elf amptelike tale* van Suid-Afrika in *een volume* verskaf word. Dit beteken dat gebruikers vertalings na en van enige van die elf tale kan naslaan – Engels is die alfabetiese brontaal, en wanneer die Engelse woord nageslaan word, verskyn al tien vertalings by dié inskrywing.

Deur marknavorsing het ons tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n behoefte by sprekers van al ons tale is vir tweetalige woordeboeke in Engels en die Afrikatale, en die produk is uiteindelik hierdie unieke tweetalige Pharos-reeks van Afrikataal-woordeboeke op intreevlak.

Ons het elke taal uit die *South African Multilingual Dictionary* naas Engels geïsoleer in *nege afsonderlike gedrukte woordeboeke*, en daarom bied elkeen van die nege nuwe tweetalige woordeboeke dieselfde inligting. Die vier “kleiner tale” dra dus ewe veel gewig as die ander vyf, met dieselfde getal mees frekwente woorde en vertalings in elkeen van die woordeboeke.



Waarom is dit vir julle belangrik om woordeboeke vir al die amptelike tale in ons land uit te gee? Wat is julle visie met hierdie woordeboeke?

Pharos ondersteun die regering se standpunt ingevolge die nuwe Grondwet dat Suid-Afrika se kulturele diversiteit 'n waardevolle nasionale bate is en daarom onder meer die taak het om meertaligheid, die ontwikkeling van die amptelike tale en respek vir alle tale wat in die land gebruik word te bevorder. Hierdie benadering strook met die feit dat sowel sosiale as individuele meertaligheid vandag die wêreldwye norm is, veral op die vasteland van Afrika. As sodanig veronderstel dit dat die aanleer van meer as een taal algemene praktyk en 'n beginsel in ons samelewing moet wees.

.....

Pharos ondersteun die regering se standpunt ingevolge die nuwe Grondwet dat Suid-Afrika se kulturele diversiteit 'n waardevolle nasionale bate is en daarom onder meer die taak het om meertaligheid, die ontwikkeling van die amptelike tale en respek vir alle tale wat in die land gebruik word te bevorder.

.....

Ons visie met hierdie nuwe reeks tweetalige woordeboeke is verder die ondersteuning van die Departement van Basiese Onderwys se Taal-in-Onderwys-beleid om al elf amptelike tale te ontwikkel, meertaligheid in Suid-Afrika te bevorder en die onderrig en aanleer van al ons tale te vergemaklik. Die onderliggende beginsel is om taalgebruikers se huistaal te handhaaf terwyl toegang tot en effektiewe aanleer van addisionele tale gebied word.

Wie is die teikenmark vir hierdie unieke reeks tweetalige woordeboeke?

Hierdie nege woordeboeke is ons *intreevlakreeks* vir tweetalige woordeboeke vir Engels en ons nege amptelike Afrikatale. Die woordeboeke is geskik vir beide moedertaalsprekers en tweedetaalsprekers wat 'n addisionele taal wil aanleer:

- Engels- of Afrikaanssprekers wat een van die nege Afrikatale wil aanleer
- Moedertaalsprekers en aanleerders van 'n Afrikataal op soek na die regte vertaling in Engels.

Die reeks is ideaal vir gebruik in skole in verskillende grade in die Intermediêre Fase, Senior Fase of VOO-fase, en selfs op tersiêre vlak vir studente wat 'n bepaalde Afrikataal vir die eerste keer aanleer.

Die woordeboeke kan ook in die werkplek, deur toeriste of enigiemand wat graag 'n Afrikataal wil aanleer, gebruik word.

Hoe het julle die omvangryke navorsing vir elkeen van die nuwe woordeboeke gedoen? Hoe word die woorde wat opgeneem word, gekies en hoe verloop die proses om die woordeboeke te skep?

Leksikografie (die skryf van woordeboeke) is 'n baie gespesialiseerde praktyk in taalkunde en vertaling wat spesialiskundigheid en -vaardighede verg, asook die gebruik van spesiale woordeboeksagteware. Daar is min leksikograwe in die land, en baie min wat in die Afrikatale spesialiseer.

Woordeboekskrywers werk met 'n *korpus*, dit wil sê 'n groot databasis van tekste en woorde wat deur die teikengroep gebruik word. Eerstens is 'n frekwensielys van die mees gebruikte woorde asook hedendaagse tegniese terme in Engels saamgestel. Om te bepaal watter woorde in die woordeboek opgeneem gaan word, word daar dus na die gebruiksvorkoms (of frekwensie) van elke woord gekyk. Vir hierdie projek is die woorde in Engels in spesiale woordeboeksagteware ingevoer en alfabeties georden. Eenvoudige definisies en beskrywings is vir elke Engelse trefwoord geskryf om leiding aan die gebruiker te gee.

Die navorsing en skryfwerk in die Afrikatale is deur 'n uitgebreide span taalkundiges en taalpraktisyne gedoen. Die ontwikkeling van elkeen van die projekte is deur 'n kundige projekteier gekoördineer sodat dieselfde inligting uiteindelik in elkeen van die nege woordeboeke weerspieël kon word. Die vertalings in die nege Afrikatale is deur moedertaalsprekers van elke taal verskaf. Die kwaliteit en betroubaarheid daarvan is deur 'n span proeflesers, wat self elkeen 'n moedertaalspreker van een van die amptelike Suid-Afrikaanse tale is, bevestig.

Daar word so baie tale in Suid-Afrika gepraat en elke taal se sprekers het streeksdialekte. Hoe word bepaal wat byvoorbeeld Standaardxhosa is? En wat van leenwoorde uit Afrikaans en Engels – word dit in die woordeboeke opgeneem?

Dit is weliswaar 'n tameletjie wat betref die Afrikatale. Die proses van standaardisering en normering van enige taal is 'n uitgerekte proses.

.....

In Afrikaans het ons byvoorbeeld 'n standaardiseringsproses wat oor sowat 150 jaar strek, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, wat dié normeringsbron vir Afrikaans is, en 'n Taalkommissie wat onvermoeid daaraan werk om Standaardafrikaans te bereël en die taal- en spelreëls by te werk. Nuwe woorde in die niestandaardvariëteite word ook opgeteken en by die woordelysgedeelte bygewerk.

.....

In Afrikaans het ons byvoorbeeld 'n standaardiseringsproses wat oor sowat 150 jaar strek, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, wat dié normeringsbron vir Afrikaans is, en 'n Taalkommissie wat onvermoeid daaraan werk om Standaardafrikaans te bereël en die taal- en spelreëls by te werk. Nuwe woorde in die niestandaardvariëteite word ook opgeteken en by die woordelysgedeelte bygewerk.

Dit is nie die geval met die nege Afrikatale nie. Daar bestaan taalrade vir elke taal, en daar moet deur 'n lang proses besluit word watter woorde die norm in elke taal weerspieël. Verder bestaan duisende woorde nie in die Afrikatale nie, en moet daar woorde of terme geskep word om nuwe konsepte te benoem. Talle woorde word uit Afrikaans en Engels as leenwoorde oorgeneem en moet dan in elke spesifieke Afrikataal se ortografie binne hul woordklankstelsel getranskribeer word. In die stede vind baie meer taalbeïnvloeding tussen die Afrikatale asook met Afrikaans en Engels plaas, terwyl daar in die landelike dele weer meer suiwer gepraat word. Terselfdertyd word sommige terme nie juis in meer landelike dele gebruik nie, en daarom skep stedelinge vinnig nuwe woorde of leen soos nodig.

Vir hierdie reeks woordeboeke is baie moeite gedoen om vertalings te gee wat die suiwer Afrikataal weergee, maar soms word die leenwoord in sy aanvaarde Afrikataal-spelvorm ook gegee. In die *English-Sesotho-woordeboek* kry ons byvoorbeeld *setlankana* én *resiti* as vertalings vir *receipt*, en aan die Sotho-kant is byvoorbeeld *resiti ya ho reka* (letterlik “strokie/bewys van om te koop”) opgeneem:

Hier is nog voorbeelde waar die spelling aangepas is.

Xhosa ontleen aan Afrikaans vir *baadjie* en *komkommer*.

Venda ontleen aan Engels vir *computer* en kombineer Venda en Engels vir *community centre*:

Ndebele gee die suiwer vertaling sowel as die Engelse leenwoord vir *biography*, en Noord-Sotho (Sepedi) vir *project*:

Wat kan gebruikers verwag om te sien wanneer hulle woorde naslaan?

Elke woordeboek bevat ongeveer 4 000 woorde wat gereeld gebruik word en die vertalings daarvan, die woordsoorte asook definisies van elke trefwoord in Engels aan albei kante van die woordeboek. Die woordeboeke is eenvoudig en gebruikersvriendelik uitgelê en dra by tot woordeskatuitbreiding en korrekte taalgebruik.

In die eerste deel van elk van die nege woordeboeke is Engels die alfabetiese brontaal, en die vertalings is in die Afrikataal. In die tweede deel van die woordeboek is die Afrikataal die alfabetiese brontaal met die vertalings in Engels. Hier is 'n voorbeeld uit *English-Setswana* en *Xitsonga-English*:

Agterin elke woordeboek word 'n nuttige gedeelte met alledaagse frases in Engels gegee – hier kry die gebruiker uitdrukkings en vrae wat in daaglikse omgang gebruik word, byvoorbeeld vir kommunikasie ten opsigte van groetvorme, aanwysings, verblyfplek of noodsituasies. Hier is enkele voorbeelde uit *English-IsiZulu*:

en *English-SiSwati*:

Is die gedrukte woordeboeke geredelik beskikbaar vir skole, onderwysers, studente, ouers, tuisleerders en ander belangstellendes?

Die reeks woordeboeke is by alle goeie boekhandelaars beskikbaar. Indien taalgebruikers 'n spesifieke woordeboek nie in hul omgewing te koop kry nie, kan die handelaar dit vir hulle bestel.

Is hierdie reeks Afrikataal-woordeboeke ook digitaal op *PharosAanlyn* beskikbaar?

Pharos bied die vertalings van al nege Afrikataal-woordeboeke soos hulle in die afsonderlike gedrukte boeke verskyn as een inskrywing op *PharosAanlyn* aan. Enige woord in enige van die nege woordeboeke wat op *PharosAanlyn* nageslaan word, sal dus in al elf tale (Afrikaans ingesluit) as resultaat weergegee word. Die definisie of omskrywing word in Engels gegee.

Hier is 'n voorbeeld van wat aanlyn verskyn as die gebruiker die woord *kultuur* of *culture* op *PharosAanlyn* intik – die Engelse woord en omskrywing gevolg deur die ander 10 tale se vertalings:

culture *customs of a group*

Afrikaans: **kultuur**

isiNdebele: **isiko**

isiXhosa: **inkcubeko**

isiZulu: **amasiko**

Sepedi: **setšo**

Sesotho: **setso**

Setswana: **setso**

SiSwati: **lisiko**

Tshivenda: **mvelele**

Xitsonga: **mfuwo**

Is daar verskillende intekenopsies op *PharosAanlyn*?

PharosAanlyn is teen 'n jaarlikse intekenfooi beskikbaar. Daar is verskeie intekenopsies, byvoorbeeld vir 'n enkelgebruiker, vir maatskappye wat hul werknemers toegang tot woordeboeke wil gee, en 'n spesiale pakket vir skole.

Die baie bekostigbare skolepakket bied vir onderwysers en leerders toegang tot 13 algemene en skoolwoordeboeke in al elf tale, waaronder die *Pharos Tweetalige skoolwoordeboek – Afrikaans/Engels*, die *South African Multilingual Dictionary*, *Popular Northern Sotho* (Kriel, Prinsloo en Sathekge), *Pharos English-Xhosa* en *Pharos Afrikaans-Xhosa*.

Meer inligting kan direk op die *PharosAanlyn*-webwerf verkry word by www.pharosaanlyn.co.za/produkte, of skryf aan sales@pharosonline.co.za.

Al die *PharosAanlyn*-woordeboeke kan vir 14 dae *gratis* op die proef gestel word . Meld hiervoor aan by www.pharosaanlyn.co.za/proefloop.

Ons *PharosAanlyn*-verkoopspan staan altyd gereed met hulp aan intekenaars om die meeste nut uit die elektroniese woordeboeke te kry.

Lees ook:

Die aap is uit die mou: Pharos se skoolwoordeboeke sal iets vir elke kind beteken

"Reken op ons woord": 'n onderhoud oor Pharos-woordeboeke

Pharos Afrikaansgids deur Nicol Faasen: 'n resensie

0

0

0

0

0

0



0

1

Kommentaar

Amanda Le Roux

2021-09-28 at 11:21

Dankie vir jou werk Delana. So bly dat jy steeds aktief is. Jy was die heel beste uitgewer/redakteur (nie seker wat jou rol was in ons handboeke nie) met wie ek ooit gewerk het.

Reply

Reageer

Jou e-posadres sal nie gepubliseer word nie. Kommentaar is onderhewig aan moderering.

Reageer

Jou naam*

Jou e-posadres*

Save my name, email, and website in this browser for the next time I comment.

PLAAS

Stel my in kennis indien nuwe kommentaar bygevoeg word.